**Gesonde godsdiens kan menseregte bevorder**

**Nico Koopman***

Vir sukses, maak demokrasieë met hulle handveste van regte staat op insette en omstandighede wat hulle nie self kan verseker of skep nie. Hiéraan het die Duitse filosoof en regter Ernst-Wolfgang Böckenförde ons in 1964 in sy lesing "The Rise of the State as a Process of Secularization" herinner. Met die viering van Menseregtedag op 21 Maart is dit goed om te verken hoe godsdienstige en sekulêre wêreldsienings sáám die omstandighede kan skep waarin menseregte kan floreer.

Gosdiens kan ʼn konstruktiewe rol speel om menseregteskendings te oorkom. Dít het godsdienstige organisasies met hulle kernrol in die stryd teen apartheid byvoorbeeld bewys. Nietemin is ons ook bewus van die soms destruktiewe rol wat godsdiens in die strewe na menseregte kan vervul. ʼn Voorbeeld hiervan was sommige kerke se destydse teologiese regverdiging vir apartheid.

Enige ondersoek na godsdiens se potensiaal om die verwesenliking van menseregte te bevorder behoort dus dié ambivalente geskiedenis in gedagte te hou. Daar is etlike ander vorige én huidige plaaslike én internasionale voorbeelde van hierdie dualistiese rol van godsdiens. Daarom moet ons met beskeidenheid en omsigtigheid besin oor godsdienstige organisasies se potensiaal om menseregte te bevorder.

Godsdiens kan op verskillende maniere ʼn konstruktiewe bydrae lewer. Sosiologies beskou, kan godsdienstige organisasies as een van die sterkste en beste instellings van die burgerlike samelewing beskryf word. Godsdienstige organisasies is besonder sterk in Afrika. Hulle het goeie fisiese infrastruktuur. Hulle het mense met hope kundigheid en ervaring in hulle midde. Boonop het hulle toegang tot die mees gemarginaliseerde mense in die samelewing en geniet hulle betreklik hoë vertrouensvlakke in gemeenskappe.

Daarom kan godsdienstige organisasies, waaronder kerke, op plaaslike vlak as agente vir menseregte optree. En as gevestigde nasionale en internasionale organisasies, kan hulle ook op wêreldvlak ʼn positiewe impak hê.

Godsdienstige organisasies kan die samelewing oor menseregte opvoed deur ons daarvan bewus te maak en ons te help om dié regte as ʼn morele en etiese kwessie te oordink. Hulle kan ook organiseer, voorspraak doen, aktiveer en veldtogte voer, en verskillende tipes hulpbronne vir die bevordering van menseregte mobiliseer, motiveer en inspan.

Godsdiens speel ʼn kernrol in menseregte-opvoeding. Ongelukkig staan sommige godsdienstige mense dié regte teen deur die mens se feilbaarheid te beklemtoon. Volgens hulle is daar slegs sprake van genade en vergifnis; geen regte nie. Hulle reken ons moet eerder van voorregte as regte praat.

Opvoeding oor menseregte behels dalk gesprekke oor voorregte ten opsigte van ons verhouding met die Volmaakte God, maar handel ook oor regte in ons verhouding met ander feilbare mense en mensgemaakte instellings wat kan fouteer en regte kan skend.

Menseregte bestaan juis om die kwesbaarste lede van die samelewing op alle lewensterreine teen vergrype deur individue en instellings, waaronder die staat, te beskerm.

Opvoeding oor menseregte behels ook ’n klem op die verband tussen regte en verantwoordelikhede. So byvoorbeeld ontaard vryheid sonder verantwoordelikheid maklik in wanorde en wetteloosheid. Opvoeding oor menseregte beteken dat ons ’n verkeerde soort geregtigdheid vermy. Regte kan misbruik word om sekere persone of groepe onbillik te bevoordeel. Ons sien so dikwels hoe mense probeer om sonder meriete aangestel of beloon te word. Regte op sy eie verseker nie vooruitgang op enige gebied nie. Regte en harde werk gaan hand aan hand.

Daarbenewens behels opvoeding oor regte in kerkverband die bevestiging dat menswaardigheid die mees fundamentele beginsel is waarop Suid-Afrika se Handves van Regte en ander progressiewe grondwette wêreldwyd berus. Dit is ook belangrik om uit te wys dat daar geen sprake van menswaardigheid kan wees as ons nie ook oor die waardigheid van diere, plante en die natuur praat nie.

Die Wêreldraad van Kerke het dekades gelede ’n program genaamd “Justice, Peace and Integrity of Creation” geskep om die onderlinge verwantskap tussen sosiale geregtigheid, vrede en die welstand van die planeet te onderstreep. Die noue integrasie, band en afhanklikheid tussen mense, plante en die natuur beteken dat menswaardigheid altyd die waardigheid van álmal en álles impliseer. Hierdie denkwyse berei die weg vir die waardige saambestaan van mense en die natuur. Baie godsdienste grond mense se waardigheid op hulle verhouding met ’n Goddelike Wese. ’n Christelike teoloog het dekades terug gesê: “Menswaardigheid het ’n bonatuurlike, vreemde oorsprong, en is dus onvervreembaar.”

Kerke onderneem profetiese aksies om menseregte te bevorder. Hulle verklaar byvoorbeeld ’n visie van ’n nuwe samelewing – een waar waardigheid, genesing, vryheid en gelykheid vir almal hoogty vier. Profetiese aksie behels ook die waagmoed, selfkritiek én openbare kritiek om enige verraad van hierdie visie en die skending van regte aan die lig te bring.

Profetiese aksie beteken verder dat ons saam met die goeie stories van die verwesenliking van regte, ook die hartseer stories van regteskendings vertel. Profetiese aksie impliseer dat ons navorsing en tegniese ontledings onderneem en teorieë ontwikkel wat die implementering van regte, veral sosio-ekonomiese regte, bewerkstellig. Profetiese aksie blyk uit deelname aan openbare debatte, die vorming van openbare mening, en die bepaling en implementering van behoorlike openbare beleide op alle terreine van die lewe.

Menseregte word nie net deur godsdiens bevorder nie, maar dien ook as ’n vuurproef vir ’n gesonde en positiewe godsdiens. Die maatstaf vir ’n gesonde godsdiens lê straks opgesluit in die vraag of godsdiens ’n lewe van menswaardigheid en menseregte vir almal moontlik maak.

***Prof Nico Koopman is Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel aan die Universiteit Stellenbosch.**